higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N560**(A)**(J3)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE REKENINGKUNDE N5

(4010175)

3 Junie 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
FINANSIËLE REKENINGKUNDE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf jou EKSAMENNOMMER op elke bladsy van die ANTWOORDBOEK.
5. Toon AL jou berekeninge tussen hakies, waar toepaslik.
6. Gebruik slegs 'n pen met blou of swart ink.
7. Moet NIE Tipp-Ex gebruik nie.
8. Stel die finansiële state volgens die 2001-leerplan op.
9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Katsande en Negomash is in 'n vennootskap wat as KZ Stores handel dryf. Die vennootskapsooreenkoms dui die volgende aan:

KZ Stores se proefbalans vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017

	DEBITEER	KREDITEER
	R	R
BALANSSTAATAFDELING		
Kapitaal: Katsande		40 000
Negomash		20 000
Lopende rekening: Katsande		15 600
Negomash	10 900	
Onttrekkings: Katsande	8 000	
Negomash	2 737	
Toerusting	126 200	
Opgehoopte waardevermindering op toerusting		85 200
Voorraad	34 942	
Debiteurekontrole	6 838	
Krediteurekontrole		8 324
Voorsiening vir slegte skuld		530
Lening: Negomash (19% per jaar)		90 000
NOMINALE AFDELING		
Verkope		250 500
Koste van verkope	22 200	
Opbrengste op verkope	500	
Munisipale dienste	12 302	
Telefoon en posgeld	10 160	
Skryfbehoeftes	943	
Slegte skuld	5 962	
Rente op lening	12 825	
Versekering	18 400	
Huuruitgawes	35 289	
Slegte skuld verhaal		1 057
Korting ontvang		6 830
Salaris: Katsande	90 000	
Lone	60 000	
Korting toegestaan	3 259	
	611 257	611 257

Die vennootskapsooreenkoms dui verder die volgende aan:
Vennoot Katsande is geregtig op 'n salaris van R8 000,00 per maand, terwyl vennoot Negomash 'n salaris van R80 000,00 aan die einde van die finansiële tydperk ontvang het.

- Die rente op die kapitaal moet teen 15% per jaar gehef word.
- Die rente op die lopende rekening is 10% per jaar.

Kopiereg voorbehou

- Die rente op onttrekkings is teen 10% per jaar.
- Daar moet voor aanwending vir 'n spesiale werknemersbonus van 2% van die netto wins voorsiening gemaak word. ℘
- Volgens die bepalings van die vennootskapsooreenkoms moet die oorblywende wins/verlies in die verhouding van die vennote se kapitaal verdeel word.

Aansuiwerings:

℘

- Waardevermindering op toerusting word volgens die afnemendesaldo-metode teen 20% per jaar afgeskryf. Neem in berekening dat 'n nuwe masjien op 1 September 2016 teen 'n kosprys van R6 200,00 aangekoop is.Skryf J Smith, 'n debiteur, se skuld as oninvorderbaar af, R790,00.Skep 'n voorsiening vir korting wat teen 6% van goeie debiteure toegestaan word.Die rente op die lening is DRIE maande lank uitstaande.Volgens 'n fisiese voorraadopname is die volgende voorhande: Skryfbehoeftes, R264,00, en handelsvoorraad, R34 500.By die korting ontvang ingesluit, is 'n bedrag van R347,00 wat in die volgende finansiële jaar geboekstaaf moet word.

VERLANG:

Stel KZ Stores se inkomstestaat en aanwendingsrekening ('appropriation account') vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017 op. ℘
Rond die bedrae tot die naaste rand af, waar nodig.

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

2.1 Voorsien joernaalinskrywings vir die volgende transaksies wat op 'n tak betrekking het. Skryf 'n beskrywing by elke inskrywing.

2.1.1 Die tak koop op 5 Januarie 2017 voorraad van R25 000,00 op krediet by J Smith. ℘

(Die tak maak van 'n gedesentraliseerde stelsel gebruik.) (3)

2.1.2 Debiteur S Swanepoel betaal R4 300,00 op sy rekening af op 17 Januarie 2017.

(Die tak maak van 'n gedesentraliseerde stelsel gebruik.) (3)

2.1.3 Voorraad ter waarde van R5 300,00 word op 25 Januarie 2017 op krediet aan debiteur R Nel verkoop.

(Die tak maak van 'n gedesentraliseerde stelsel gebruik.) (3)

2.1.4 Die tak stuur voorraad met 'n kosprys van R2 400,00 en 'n verkoopsprys van R3 000,00 aan die hoofkantoor terug. ℘

(Die tak maak van 'n gesentraliseerde stelsel gebruik.) (4)

2.1.5 Die hoofkantoor betaal op 30 Junie 2017 lone van R60 700,00 namens die tak.

(Die tak maak van 'n gesentraliseerde stelsel gebruik.) (3)

2.2 Die hoofkantoor verskaf al die voorraad teen die verkoopsprys, wat kosprys plus 100% is, aan sy tak. ℘

AL die geld wat ontvang word, word in die hoofkantoor se bankrekening gedeponeer.

Toon die volgende grootboekrekenings van die tak in die hoofkantoor se boeke vir die jaar geëindig 30 April 2017, op grond van die inligting wat hier onder gegee word:

2.2.1 Takvoorraadrekening (9)

2.2.2 Takaansuiweringsrekening ℘ (7)

2.2.3 Takkleinkasrekening (8)

Kopiereg voorbehou

	R
Voorraad by die tak: 1 Mei 2016	14 700
Takkleinkas: 1 Mei 2016	2 000
Takdebiteure: 1 Mei 2016	5 260
Goedere gedurende die jaar aan die tak gestuur	188 400
Goedere deur die tak teruggestuur	8 400
Takkontantverkope	76 570
Takkredietverkope	47 800
Invordering van debiteure	39 600
Kontant deur die hoofkantoor voorsien	10 700
Slegte skuld afgeskryf	250
Korting aan debiteure toegestaan	5 720
Korting toegestaan op verkope	8 90
Uitgawes uit kleinkas deur die tak betaal	
Telefoon	2 450
Diesel	1 670
Diverse uitgawes	3 880
Uitgawes deur die hoofkantoor betaal	
Taktoerusting op 1 Mei 2016 aangekoop	12 400
Taksalarisse	30 910
Takhuurgeld betaal	2 400
Voorraad voorhande: 30 April 2017	16 580
Kontant in die kleinkas op 30 April 2017	1 600

Aansuiwerings:

1. Diverse uitgawes is 15 maande lank betaal.

2. Waardevermindering van 15% op die kosprys van toerusting moet afgeskryf word.

3. Die verskil in die kleinkasrekening stel 'n skenking voor wat die tak gemaak het.

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Die volgende is 'n opsomming van produk YX 501. Toon die voorraadkaart van EEN van die produkte wat L Kotzee in Mei 2017 volgens die EIEU-metode verkoop het.

1 Mei 2017	Voorraad voorhande: 50 eenhede @ R20,00
6	Verkoop: 15 eenhede @ R25,50
8	Aangekoop: 35 eenhede @ R20,70
9	Verkoop: 10 eenhede @ R26,40
14	Verkoop: 30 eenhede @ R27,00
21	Aangekoop: 43 eenhede @ R21,20
24	Verkoop: 55 eenhede @ R28,90
31	Aangekoop: 20 eenhede @ R29,60

(27)

3.2 Doen die verskillende berekeninge, wat aangedui word, in jou ANTWOORBOEK. Toon AL jou berekeninge.

3.2.1 'n Handelaar verkoop 'n artikel vir R805,00 en ly 'n verlies van 5%. Bereken die kosprys en die verlies. (5)

3.2.2 Die kosprys van 'n artikel is R80,00.

Wat moet die handelaar se prystoeslag (verhoging) wees om 'n wins van 25% te maak nadat 'n korting van 8% toegestaan is? (3)

3.2.3 Die handelaar gebruik EDUCATIONS as sy kodeprys. Dui die kodeprys aan as die kosprys van sy artikel R1 750,49 is. (2)

3.2.4 Die artikel word teen 'n wins van 100% plus 'n kosprys van R450,00 verkoop. Bereken die verkoopsprys van die artikel. (3)

[40]

VRAAG 4

Daar word van jou verwag om die volgende grootboekrekenings vir die jaar geëindig 31 Desember 2017 uit 'n enkelinskrywingsrekord van Sony Trader op te stel. Sluit die rekenings af.

4.1 Debiteurekontrolerekening (15)

4.2 Krediteurekontrolerekening (12)

4.3 Voertuigrekening (4)

4.4 Rekening vir opgehoopte waardevermindering op voertuig (5)

4.5 Bateverkoperekening (4)

Kopiereg voorbehou

Die volgende verskyn in Sony Traders se onvolledige rekords vir die jaar geëindig 31 Desember 2017:

	R
Kapitaal	135 000
Onttrekkings	19 000
Voertuig	132 000
Opgehoopte waardevermindering op voertuig	67 200
Handelsvoorraad (2017/01/01)	241 400
Debiteurekontrole (2017/01/01)	53 100
Krediteurekontrole (2017/01/01)	39 300
Bank	20 400

Tjeks is gedurende die jaar getrek vir:	R
Telefoon	4 200
Salarisse en lone	210 100
Instandhoudingsdienste	8 200
Huurgeld	18 000
Krediteure	14 400
Korting van krediteure ontvang	630

Kontant gedurende die jaar ontvang, sluit in:	
Invordering van debiteure	36 200
Korting toegestaan	1 350

- Geen inskrywing is gemaak vir 'n voertuig (kosprys van R29 000) wat op 1 Januarie 2017 vir R20 000 aan J Nel op krediet verkoop is nie. Die opgehoopte waardevermindering op die voertuig beloop R13 850 op 1 Januarie 2017.
- Die saldo's van die debiteurekontrolerekening en die krediteurekontrolerekening op 31 Desember 2017 is onderskeidelik R42 800 en R32 100.
- Twee sent (2 sent) van die debiteurekontrolerekening aan die begin van die jaar word as slegte skuld afgeskryf.

[40]

VRAAG 5

Die inligting hier onder is uit Tiger Stores se finansiële rekords aan die einde van 2016 en 2017 verkry.

	2016	**2017**
Debiteure	R158 000	R220 800
Krediteure	R56 000	R77 000
Voorraad	R168 000	R151 200
Bank	R37 000	R40 000
Kleinkas	R5 000	R5 000
Los kontant	-	R2 500
Bruto wins	R1 087 000	R1 775 600
Koste van verkope	R253 000	R204 400
Totale uitgawes	R47 300	R93 800
Verkope (60% op krediet)	R1 340 000	R1 980 000

Bykomende inligting:

1. Die voorraadomsetsnelheid vir soortgelyke winkels in Suid-Afrika is DRIE keer per jaar.

2. Die onderneming handhaaf 'n brutowinstoeslag van 70% op sy omset.

3. Die onderneming staan TWEE maande se krediet aan sy krediteure toe en ontvang DRIE maande se krediet van sy verskaffers.

VERLANG:

Bereken die volgende vir die onderneming vir 2017 en lewer kommentaar oor elke berekening:

Rond AL die bedrae af tot die naaste TWEE desimale.

5.1 Vuurproefverhouding

5.2 Gemiddelde invorderingstydperk vir debiteure

5.3 Brutowinspersentasie op omset

5.4 Voorraadomsetsnelheid

5.5 Bedryfsverhouding

(5 × 6) **[30]**

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou